ALLE SKETSE IN DIE VERSLAG IS DEUR KINDERS VAN MÔRESON GEDOEN

MÔRESON ACVV KINDER- EN JEUGSORGSENTRUM DIENSTAK

MÔRESON ACVV CHILD AND YOUTH CARE CENTRE

JAARVERSLAG / ANNUAL REPORT
1 APRIL 2017 – 31 MAART 2018

VISION

The total care and development of children in a therapeutic environment where they can feel physically, emotionally and socially safe.

MISSION

The developing and empowering of children by focussing on their strengths and abilities. Further to provide them with opportunities within the least restricted and most empowering circumstances in order to develop effectively and to have successful reunification into the community.

MEER OOR ONS

Môreson ACVV Kinder- en Jeugsorgsentrum is gedurende 1920 as ‘n staatsgesubsidieerde kinderhuis omskep. Gedurende 1917 het die ACVV besluit om ‘n huishoudskool vir 13 behoeftige dogters uit die gemeenskap te stig, sodat hulle as huishoudsters opgelei kan word. Die getalle het egter baie gegroei en meer personeel moes aangestel word en funksioneer sedertdien as ‘n kinderhuis. In 1930 word besluit om die inrigting ‘n naam te gee en daar word besluit op die naam:



Baie jare het verloop en baie veranderings vind plaas. Op 11 Februarie 1976 word begin met die bou van die kompleks wat tans in gebruik is. Aanvanklik is 5 huise voltooi, op 1 Maart 1979 is nog 2 huise in gebruik geneem en Huis 8 is in 1987 voltooi. Die saal en motorhuiskompleks is in 1994 ingewy.

MÔRESON VANDAG……..

Môreson ACVV Kinder- en Jeugsorgsentrum huisves vandag 100 kinders vanaf die ouderdom van 3 jaar tot 18 jaar en funksioneer steeds op die perseel van 3,82 hektaar aan die oewer van die Katrivier. Dit bestaan uit 8 huise waarin 12/14 kinders deur ‘n kinder- en jeugsorgwerker versorg word, waarvan vyf van genoemde personeellede reeds hul opleiding as kinder- & jeugsorgwerkers by Hugenote Kollege voltooi het. Vier aflos kinder- en jeugsorgwerkers werk gedurende naweke.

Ons is trots op die geskiedenis van Môreson, trots op ons terrein met sy netjiese geboue, swembad, speelapparaat, pragtige en veeldoelige rekenaarsentrum waar ons kinders die geleentheid het om self hul take te doen.

Ons kyk terug oor 98 jaar van dienslewering met baie hoogtepunte, uitdagings en veranderinge, maar deur alles loof ons die Here vir elke dag se Voorsiening en Genade.

MANAGEMENT BOARD

Chairperson: Murray Gerber
Deputy chairperson: Rev. A. Louw
Members: Deon Fourie, Jennifer van Merch, Susan Pretorius and Alida Lubbe.
Regional Manager: Tossie du Toit

CO-MEMBERS:

Financial Committee
Stephen Raubenheimer
Niel Goldie

Professional Committee
Mariette Le Roux

STAFF MEMBERS

Manager: Ronell Lindholm
Social Workers: Ilze Koorts , Chantal Billy, Robertah Daniels and Ciska Van Rooyen
Social Auxillary worker: Lynn Petersen
Programme Coordinator: Adri Quiens
Secretary: Ina Munro
Staff nurse: Clouda Koen

STAFF MEMBERS- Continue

Treasurer: Bennie Tait

Provision officers:

Kitchen: Hermien Carstens
Clothes: Rashida Witbooi
Kitchen staff: Miemie Vallentyn, Veronica Booyse, Sarie Arends, and Anita Kammies.
Handyman: Gustav Lubbe
Driver: Tony Herman
Gardener: Kenny Gunguluza

Child and Youth Care Workers:	General assistants:
House 1: Cathy Apollis	Ronel Sauer
House 2: Tish Gouws	Hilda Joseph
House 3: Ada Oelf	Abigail Zimba
House 4: Johanna Saunders	Isabel Benjamin
House 5: Marlene Luiters	Maria Joy
House 6: Stephanie Herman	Kate Pieterse
House 7: Jonathan Messiahs	Estelle Malgas
House 8: Neldia Booysen	Christine Miggels

Part-time Child and Youth Care Workers

1) Sarah Abrahams
2) Drina Titus
3) Jolynne Morris

UIT DIE KANTOOR

Dit is ‘n besonderse voorreg om terug te kyk op ‘n jaar in die lewe van Môreson ACVV Kinder- en Jeugsorgsentrum wat gekenmerk is deur groei op alle gebiede van ons werksaamhede. Die jaar was gekenmerk deur baie uitdagings en veranderinge, maar ook verskeie hoogtepunte.

Ek glo in God se Meestersplan vir Môreson en deur die afgelope jaar kan elkeen van ons wat op ‘n daaglikse basis hier betrokke is, nie anders as om God se Voorsiening en Liefde elke dag te ervaar nie.

Ons vertrou dat elkeen van u wat hier lees, ‘n klein stukkie van hierdie werklikheid sal ervaar.

Ronell Lindholm
BESTUURDER

PROGRAMMES:

Môreson ACVV Child and Youth Care Centre complies to the norms and standards according to article 194 of the Childcare act, ACT 38 of 2005:

Môreson ACVV Child and Youth Care Centre presents the following programmes:

1) Therapeutic programme
    - Individual therapy which include play therapy
    - Therapeutic group work.
2) Developmental programme
3) Sport and recreation programme

4) Residential Care Programme
5) Education programme
6) Medical programme
7) Family Reunification programme
8) Independent living programme

VOLGENDE AGT PROGRAMME IS SOOS VOLG:

1. TERAPEUTIESE DIENSTE:

Omvattende maatskaplike werk programme word deur twee voltydse en een halfdag maatskaplike werker gelewer. Gedurende die afgelope jaar het die profiel van die kinders in die sentrum dramaties verander met meer kinders met uitreagerende gedrag, asook met gediagnoseerde psigiatriese toestande. Hierdie tendens benodig spesiale vaardighede en kennis van die personeel om hierdie gedrag te kan hanteer. Die agteruitgang in die morele waardes van die samelewing het 'n negatiewe uitwerking op die kinders se gedrag wat lei tot 'n algehele gebrek aan respek vir gesag.

Voortdurende indiensopleiding is noodsaaklik om elke personeellid te bemagtig om die uitreagerende gedrag van die kinders te bestuur.

Elke kind in Môreson word volgens die sterkpunt benadering geassesseer, naamlik die kind se ontwikkeling ten opsigte van bemeestering, geborgenheid, onafhanklikheid en ruimhartigheid. Elke kind se terapie vind gevolglik plaas volgens sy/haar se individuele ontwikkelingsplan. Terapeutiese dienste fokus dus om die kind se fisiese, emosionele, psigiese en sosiale behoeftes aan te spreek en te verwerk.

Hierdie proses vind plaas teen die kind se tempo en word negatief beïnvloed deur die trauma wat betrokkene reeds ervaar het.

Die volgende gekonsolideerde statistiek vir die afgelope jaar is as volg:

Aantal nuwe kinders opgeneem	22
Individuele terapeutiese onderhoude	787
Terapeutiese groepwerk sessies	177
Tweejaarlikse verslae aan die Kinderhof	24
Aantal kinders herenig met ouers of pleegsorgplasings	4

2. DEVELOPMENTAL PROGRAMME:

The following sessions were held during the period 1st of April 2017 to the 31st of March 2018.

SELF IMAGE

33 Sessions were held, focussing on developing cooking skills, the benefits of proper hygiene and self-care, self-respect and respect for others, and developing creativity, thus enhancing self-confidence.

RELATIONSHIP

18 Sessions were held, focussing on positive, healthy relationships between girls and boys, important elements of good friendships, as well as positive co-existing and co-operation within various residences.

CHOICES

10 Sessions were held, addressing the benefits of daily attempts to make correct choices, as well as methods to assist in positive decision making.

RIGHTS AND RESPONSIBILITIES

14 Sessions were held, focussing on ensuring that children fully understand what the term "responsibility" refers to, as well as emphasising the importance of rules in daily existence.

BEHAVIOUR MANAGEMENT

18 Sessions addressed school bunking, stealing, sex games, smoking cigarettes and dagga, bullying, teasing, property damage, anger management, consequences for misbehaviour, as well as misuse of the centre's landlines.

CHECK-INN'S

8 Sessions aimed at creating a safe and relaxed platform for emotional debriefing and engaging in conversation about issues like the benefits and importance of schooling, being sensitive to others, achieving consensus within residences, peer pressure and belonging, effective communication and overall respect for one another.

SPIRITUAL EDUCATION

41 Sessions focussed on building a positive relationship with God and responding positively to others, learning about other biblical characters, tolerance, empathy, respect and love for others. Praise and worship, bouncing back from negative experiences, learning God's message, learning about prayer and wise choices.

INDEPENDENT LIVING PROGRAMME

41 Sessions with 13 school leavers focussed on setting of Curriculum Vitae, exploring holiday employment options, opening bank accounts and further future planning.

VICTIM EMPOWERMENT:

25 Sessions focussed on child protection and 16 Days of Activism of No Violence against Women and Children through different activities, like awareness sessions, life skills sessions and outreaches.

COMMUNICATION:

3 Sessions were held and focussed on swearing as ineffective communication method and to learn alternative methods to communicate.

EMOTIONS:

10 Sessions focussed on exploring various emotions and dealing with them effectively.

3. SPORT & RECREATION

The following sport and recreation sessions were held during the last year:
Valentines Function, Different outreaches for example to the George Hospital and Phambili Shelter.

The children received the following lessons:
Guitar - Piano - Recorder - Computer and Art and Crafts.
As well as: Line dance - Hip-Hop dance - Drama - Choir - "Boere sport" - Tug of war - Cricket - Rugby - Soccer and Jogging.

HOLIDAY PROGRAMMES:

- Farm visits
- Games
- Movies
- Visited the Arts Theatre and the Museum
- Visited the beach and Diaz swimming pool
- Fire safety referring to the Knysna fires during June 2017
- Nature and animal exposure
- Visited the George Dam to highlight the water shortage.

The sport and recreation programme focussed on developing creativity, self-confidence, acting skills, effective communication skills, teamwork, building tolerance, patience and a sense of belonging to a positive group.

It also creates a safe environment to practise effective emotional control and equips the children with the ability to develop healthy relationships.

4. INWONENDE VERSORGINGSPROGRAM

Elke kind word ingeskakel by die program waar 12 tot 14 kinders saam met ‘n kinder- en jeugsorgwerker in ‘n huis woon. Elke kind ontvang binne sy lewensspasie, leiding om daaglikse take te verrig, byvoorbeeld bed opmaak, tafeldek, klerekas netjies hou en homself/haarself aan te trek en te versorg.

Wanneer ‘n kind aan voortdurende trauma blootgestel word, is dit ‘n baie lang proses om die kind te help om oor genoeg selfvertroue te beskik, om onafhanklik te kan optree.

Elke kind word volgens sy ontwikkelingsfase hanteer. So kry elke kind die geleentheid om binne ‘n terapeutiese klimaat, waar duidelike grense gestel word, te ontwikkel en te groei.

5. ONDERWYSPROGRAM

Onderrig is baie belangrik vir ons kinders, omdat dit spesifieke vaardighede, die oordrag van kennis en positiewe oordeel aanleer. Skakeling met skole vind op ‘n weeklikse basis plaas, aangesien baie van ons kinders intellektuele agterstande toon. Rashida Witbooi hanteer skakeling met skole, asook toelating van elke kind by ‘n geskikte skool.

Die kinders van die sentrum word tans deur 5 Laerskole, 3 Hoërskole, 2 Vaardigheidskole, 1 Spesiale skool (Carpe Diem) en Vinknes ACVV Kleuterskool onderrig.

‘n Kind se skolastiese en akademiese vordering word baie beïnvloed deur sy/haar emosionele toestand.

Dit was met groot hartseer dat die Tuisonderrigprogram aan die einde van 2017 uitfasseer is. Die 4 leerders is vanaf 2018 ingeskakel by Carpe Diem, Olympia en Van Kervel skool. Een leerder is geplaas in Rosemoor Primêre skool.

6. MEDIESE DIENSTE

Elke kind het die reg om toegang te hê tot mediese dienste Die afgelope jaar het 32 tandheelkundige dienste ontvang by die Munisipaliteit se tandheelkundige kliniek.

12 Kinders is op psigiatriese medikasie. Me Koen, ingeskrewe stafverpleegkundige, het die volgende groepe aangebied:

Pre-adolessente groep
Mondhigiëne
Algemene higiëne

7. GESINSHERENIGINGSDIENSTE

Gesingsherenigingsdienste vorm ‘n baie belangrike deel van die dienste wat aan elke kind gelewer word. Dit is van uiterste belang dat elke kind in sy/haar terapeutiese proses kontak met sy/haar familie/ouers behou, om familiebande te bou en te versterk.

Daar word altyd gepoog om kinders, nadat hul die programme by die sentrum voltooi het, terug te plaas by hul ouers of familie. Indien laasgenoemde onmoontlik is, word altyd gepoog om vakansievriende te verkry, sodat hulle die geleentheid gegun kan word om binne ‘n gesin te funksioneer.

Alle keurings vir vakansievriende word deur eksterne maatskaplike werkers van gesinsorgorganisasies ondersoek, wat ‘n volledige polisieklaring, asook ‘n vorm 30 insluit (Afdeling B van die Nasionale Kinderbeskermings Register).

Me Lynn Petersen, maatskaplike hulpwerker van hierdie sentrum, is verantwoordelik vir die reël van die uitnaweke waar die kinders hul ouers/familie/vakansievriende besoek.

Elke kind se eksterne maatskaplike werker voltooi ‘n Aanhangsel H verslag (soos deur die Kinderwet vereis) en die Hoof van die sentrum voltooi ‘n Aanhangsel I, voordat die kind die sentrum verlaat.

8. **ONAFHANKLIKE BESTAANSPROGRAM**

Elke skoolverlater word intensief by hierdie program betrek, maar word reeds ingeskakel vanaf die ouderdom van 15 jaar. Hierdie program fokus om elke kind voor te berei en toe te rus vir ‘n suksesvolle toetrede tot volwassenheid.

VRYWILLIGERS

Ons het die afgelope jaar ongeveer 30 vrywilligers wat direk of indirek betrokke is by die dienslewering aan kinders. Hulle is behulpsaam met onder andere tuiswerk, sport, rekreasie programme (dans, koor begeleiding, klavier en blokfluit lesse).

Ons kerkverteenwoordigers en “omgee - tannies” lewer ‘n noodsaaklike diens, wat deurlopend betrokke is by ‘n spesifieke kind en op ‘n individuele vlak die kind aanmoedig, bemoedig en motiveer.

Ons opregte dank aan elke vrywilliger vir hul onbaatsugtige diens aan Môreson.

Elke vrywilliger wat betrokke is by ‘n kind moet in besit wees van ‘n polisieklaring asook ‘n Vorm B (seksuele oortreding register).

“We make a living by what we get,
but we make a life by what we give”
Winston Churchill

Môreson ACVV Kinder- en Jeugsorgsentrum is dankbaar vir ‘n groot groep vrywilligers wat ‘n professionele diens gratis aan die kinders bied:
Dr Wiseman - Ortodontis
Dr Cronje – Tandarts
Dr K Gouws – Algemene Praktisyn

Daar is ook verskeie haarkappers wat ons kinders se hare gratis sny.

Dit is ‘n besondere voorreg om so ‘n toegewyde groep vrywilligers as deel van Môreson se span te mag hê. Ons by die sentrum is uiters dankbaar vir elke vrywilliger. Sonder u hulp sou baie van die kinders se aktiwiteite, uitstappies en projekte nie moontlik gewees het nie.

“ No one can do everything but everyone can do something”
Unknown

HOOGTEPUNTE EN UITDAGINGS

Wanneer ons terugkyk oor die afgelope jaar was een van die grootste uitdagings die finansiële posisie van die sentrum wat ook direk beïnvloed is deur die huidige ekonomiese klimaat.

Die volgende fondsinsamelingsfunksies is suksesvol afgehandel:

Op 20 Mei 2017 het Môreson na baie jare weer basaar gehou wat uitstekend ondersteun is deur die publiek van George.
18 Augustus 2017 - Kerrie en Sjerrie aand.
28 Oktober 2017 - Ontbyt met Innes Benade.
9 Maart 2018 - Snoekbraai

- Een van die hoogtepunte van die jaar is ons jaarlikse erkennings geleentheid wat op 29 November 2017 plaasgevind het.
- Gedurende Desember 2017 en Januarie 2018 is ons kinders weer bederf met verskeie kerspartytjies deur vrywilligers en kerkverteenwoordigers. Die vakansie was ook gekenmerk aan verskeie vrywilligers wat hul harte oopgemaak het deur verskeie projekte gedurende die vakansie aan te bied en te borg.
- Die jaarlikse skoenboksprojek is verseker die hoogtepunt van die jaar. Elke kind ontvang ‘n kersgeskenk, met soveel liefde voorsien.
- “Santa’s Flight” is verseker ook ‘n jaarlikse hoogtepunt waar ‘n aantal kinders blootgestel word aan die avontuur van ‘n vliegtuigrit.

TRAINING

The social workers attended the following training:

- Amendments Act 38/2005
- Sexual offences Act 51/1977 and writing of trauma reports.
- Mental health
- Supervision policy

The social auxiliary worker attended the following training:

- Foster care guidelines
- Sexual offences Act 51/1977

All staff members attended 3 motivational sessions presented by Philip and Andiah Myburgh regarding the following:

- Different people in the workplace
- Personality types
- How to keep perspective in the workplace

DEPARTEMENT MAATSKAPLIKE ONTWIKKELING

Hierdie sentrum het gedurende Oktober 2017 ‘n volledige kwaliteits-monitering gehad deur die Direktoraat: Fasiliteitsbestuur en Kwaliteitsmonitering. Hierdie proses het positief verloop en is suksesvol afgehandel.

Alle opnames word sedert 1 September 2015 deur die Sentrale Opname Sentrum (Direktoraat) hanteer en na verskeie sentrums verwys.

‘n Hartlike woord van dank:

- ‘n Toegewyde personeel
- Ondersteunende bestuurskomitee
- Bereidwillige vrywilligers en donateurs
- Betrokke kerkverteenwoordigers en omgee-tannies
- Betrokke vakansievriende
- Ons hemelse Vader vir sy Voorsiening en Beskerming.